**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr | Knipsel nr |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 2 9 9 | 8 1 0 6 / 9 / 7 0 | 0 8 6 | 8 2 1 8 |

85 6 19

**Die Vaderland** Jg. 6 Nr. ........ P. 15 Dat. ........

# Versekering teen terreur

JOHANNESBURG — Die voordele van motorvoertuigversekering wat meer as die gewone omvattende polisse behels, is sterk na vore gebring deur onlangse gebeure in Suid-Afrika.

Mnr. Don Gallimore, besturende direkteur van PFV-Groep, Makelaarsdienste, sê mense is oor die algemeen nie bewus van die noodsaaklikheid van Spesiale Risikoversekeringsdekking nie.

Dié versekering is beskikbaar vir die beskerming van motors of motorfietse wat privaat besit word teen terreurdade of polities gemotiveerde oproer. Omvattende polisse dek nie dié risiko's nie.

Die dekking, wat deur middel van die Suid-Afrikaanse Spesiale Risikoversekeringsvereniging (SASRIA) verskaf word, is by enige versekeraar verkrygbaar en die premie beloop tans R10 jaarliks.

Omdat voertuie beweeg, is hulle baie meer blootgestel as enige ander bates. Baie mense moet in die loop van hulle daaglikse bedrywighede by potensiële probleemgebiede verbyry en voorvalle van klipgooiery die afgelope maande het aansienlike skade aan 'n hele paar motors veroorsaak, sê mnr. Gallimore.

Voertuie wat in die straat geparkeer was en beskadig is deur die bomme wat onlangs in Johannesburg ontplof het, sou nie gedek gewees het nie tensy die eienaars versekering by SASRIA uitgeneem het.

**TREFWOORDE**

1 Sasria
2 Versekering
3 Motorvoer...
4 Stedelike Terrorisme
5
6
7
8
9
10